

Sondag 8 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 41:1-13; Openbaring 1	Fokusgedeelte: Openbaring 1:7
--	--------------------------------------

Jesus verskyn met almag tot verlossing en oordeel (2)

In die woorde *Kyk, Hy kom* in Openbaring 1 dui die Here vir sy kerk aan dat Hy nie 'n verbond met sy kerk gesluit het en toe daarvan vergeet het nie. Die beloftes van sy genadeverbond is besig om in vervulling te gaan, en Hy kom om dit met die volmaakte af te rond. Hy toon met hierdie woorde die voortgang van sy werk aan: Hy kom, onkeerbaar in sy krag!

Die woorde *wat is en wat was en wat kom* (vs 4) dui dus die wese van die Here aan: Dit beskryf God die Almagtige in sy krag, en in die vervulling van sy verlossingsbelofte oor sy uitverkorenes. Die woorde dui verder aan dat God onveranderlik is: Hy is nog steeds wat Hy altyd was! Die God van die Nuwe Testament is dieselfde as die God van die Ou Testament.

Hierdie woorde openbaar ook die finaliteit van God se genade en van sy oordeel: Hy kom in sy heerlijkheid! Hy gaan sy genade 'n volmaakte werklikheid maak oor die gelowiges. Maar terselfdertyd gaan Hy sy dreiging en oordeel beslis en afgemete uitvoer oor dié wat Hom verwerp en gehaat het.

Waar staan ons? In sy genade! Dis die boodskap van hierdie boek. Ons Verlosser kom om sy verlossingsbeloftes oor ons waar te maak en af te rond. Anders gesê: Hy kom om ons uit die smet van hierdie wêreld en die sondes uit te haal sodat Hy ons onbesmet en volmaak by Hom opneem tot in ewigheid.

Sing: Psalm 130-2:3

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)